## 4 Junie - INWY

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-31**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:19, 20**

Wat beteken die hemelvaart vir my as gelowige? Vanuit hierdie gedeelte kan ons dit saamvat met: Die weg na die hemel is gebaan. Ek kan toetree tot die Vaderhuis.

Hoe het Jesus dit gedoen? Deur sy bloed wat aan die kruishout vergiet is. Ons het dus deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom (1983-vertaling). Ons het vrymoedigheid om in te gaan (1953-vertaling). Hierdie nuwe, lewende weg het Hy vir ons gebaan (die 1953-vertaling praat van: Jesus het hierdie weg ingewy).

In Johannes 14:6 sê Jesus: *"Ek is die weg, die waarheid en die lewe, niemand kom by die Vader behalwe deur My nie."* Onthou: dit was 'n ontoeganklike weg, "toegang verbode". Die rede hiervoor was die sonde van die mens! Dit het alle deure laat toeslaan. Maar wat gebeur in Jerusalem? Jesus het nie net uit die graf opgestaan nie, Hy het ook opgevaar na die hemel! Op die een wonderwerk volg die ander: op die opstanding volg die hemelvaart!

Hy breek nie net die graf oop sodat sy kinders kan opstaan uit die dood nie, Hy breek ook vir sondaars die weg na die hemel oop; die weg wat ontoeganklik was. Hy wy dit in. Inwyding van hierdie weg beteken hierdie weg is 'n nuwe weg! Dit het nie bestaan nie. Jesus Christus baan die weg sodat ons op hierdie splinternuwe weg mag gaan!

En dit alles vorm deel van God se verlossingsplan met my. Ons bestemming is nie meer die dood en die graf nie. Ons kry 'n nuwe bestemming: die Vaderhuis waar Hy vir elkeen van sy kinders 'n plek berei!

As die Here ons vandag na Hom toe sou roep, dan weet ons waarheen ons gaan, want ons het vrye toegang en die weg is gebaan; ingewy.

*Sing: Psalm 47:3, 4 (1936-beryming)* — *Dr SP van der Walt (Benoni)*